Agri Securitas
Trust Fonds/Trust Fund
Mediaverklaring / Media Release

Privaatsak / Private Bag X180 Centurion 0046, Tel +27 (0)12 643 3400, Faks/Fax +27 (0)12 663 3178

Motorfietse brul teen plaasaanvalle
MOTORCYCLES ROAR AGAINST FARM ATTACKS

28 Augustus/August 2017

Motorfietse brul teen plaasaanvalle

Die lug om Hartbeespoortdam gaan op 16 September 2017 gevul word met die gebrul van motorfietse teen plaasaanvalle. “Die Nasionale Motorfietsvereniging en sy assosiate gaan die dag fondse insamel om boere en plaaswerkers teen plaasaanvalle te help beskerm. Dié fondse sal tydens Agri SA se kongres in Oktober 2017 aan die Agri Securitas Trustfonds oorhandig word”, sê Ben Stander, voorsitter van die reëlingskomitee.

“Ons as motorfietsentoesiaste kan nie langer terugsit en toesien dat boere en plaaswerkers wat ‘n bate vir ons land is vermoor word, sonder dat ons iets daaraan doen nie. Daarom reël ons die pretdag by die Hartbeespoortdam vakansieoord om fondse in te samel vir die Trustfonds. Ons kan ons vereenselwig met die werk wat die Trustfonds doen om die boerderygemeenskap teen plaasaanvalle te help beskerm en is oortuig daarvan dat die Trustfonds die regte voertuig is om die fondse te ontvang”, sê Piet Jooste, lid van die reëlingskomitee.

Kiewiet Ferreira, waarnemende voorsitter van die Agri Securitas Trustfonds sê dat, “die Trustfonds waardering het vir die welwillendheid van die motorfietsvereniging teenoor die boerderygemeenskap, om hulle by te staan om die huidige misdaadprobleem te help oorkom. Onlangse mediaberigte het weereens die geweld teenoor die boerderygemeenskap op die voorgrond geplaas en daarom is die trustees dankbaar vir die tyd wat professionele mense en lede van die publiek opoffer om boere in hierdie krisistydperk by te staan”.

Lede van die publiek en boere word genooi om te kom deel in die pret wat gedurende die dag aangebied sal word en die poging om fondse in te samel waardeur boere en plaaswerkers beskerm kan word. Daar sal hope vermaak, eet- en drinkgoed beskikbaar wees. Verskeie kunstenaars het hulle dienste gratis beskikbaar gestel om hulle deel by te dra tot die fondsinsamelingsprojek. Almal is welkom om die dag te kom ondersteun en hekke open reeds om 08:00.

Ter afsluiting sê Ben Stander, “dat dit nou lede van die publiek se tyd is om ‘n deel by te dra om ons boere en plaaswerkers te ondersteun, ons kan nie net aanhou praat oor die probleem, nou kan almal iets bydra. Jy kan nie die pretdag misloop nie, onthou dit is vir boere, plaaswerkers en families om hulle te help beskerm teen plaasgeweld. Ons vereenselwig ons ook met die doelstellings van die Agri Securitas Trustfonds en die werk wat hulle doen om die boerderygemeenskap te help beskerm”.

Uitgereik deur Agri SA, Direktoraat: Korporatiewe Skakeling

Navrae
Kiewiet Ferreira, Waarnemende voorsitter: Agri Securitas Trustfonds,083 228 4875
Ben Stander, Voorsitter Reëlingskomitee, 083 659 6233
Piet Jooste, Lid van die Reëlingskomitee, 082 416 9589
Kobus Visser, Direkteur: Korporatiewe Skakeling, Agri SA, 012-643 3400 of 082 388 0010

Motorcycles roar against farm attacks

On 16 September 2017, the area around the Hartbeespoort Dam will resonate with the roar of motorcycles in protest against farm attacks. “The National Motorcycle Association and its associates will be raising funds to help protect farmers and farm workers against farm attacks. These funds will be presented to the Agri Securitas Trust Fund at Agri SA’s congress in October 2017,” said Ben Stander, chair of the organising committee.

“We as motorcycle enthusiasts can no longer sit back and watch farmers and farm workers, who are an asset to our country, being murdered without doing something about it. For this reason, we have arranged a fun day at the Hartbeespoort Dam holiday resort to raise funds for the Agri Securitas Trust Fund in an effort to protect the farming community against farm attacks. We are convinced that the Trust Fund is the correct vehicle to receive these funds,” said Piet Jooste, a member of the organising committee.

Kiewiet Ferreira, acting chair of the Agri Securitas Trust Fund, said that “the Trust Fund appreciates the goodwill shown by the motorcycle association towards the farming community in assisting them to address the crime problem. Recent media reports once again highlighted the violence perpetrated against the farming community. The trustees are also grateful for the time that professionals and members of the public have sacrificed to support farmers during this time of crisis.”

Farmers and members of the public are invited to share in the fun that will be on offer during the day and in the effort to raise funds to protect farmers and farm workers. There will be a lot of entertainment, as well as food and drinks. Various artists have made their services available free of charge to contribute towards the fund-raising project. Everyone is welcome and the gates will be open as from 08:00.

In closing, Ben Stander said “it is now time for the public to make a contribution towards supporting our farmers and farm workers. We can no longer just talk about the problem; everyone can contribute something and should not miss this event. Remember, it is for our farmers, farm workers and their families to help protect them against farm violence. We also identify with the objectives of the Agri Securitas Trust Fund and the work it does to protect the farming community.”

Issued by Agri SA, Directorate: Corporate Liaison

Enquiries

Kiewiet Ferreira, Acting Chairman, Agri Securitas Trust Fund, 083 228 4875
Ben Stander, Chairman of the Organising Committee, 083 659 6233
Piet Jooste, Member of the Organising Committee, 082 416 9589
Kobus Visser, Agri SA, Director: Corporate Liaison, 012-643 3400 or 082 388 0010